24 Jun

Uitgawe 2009/06/24

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

En die versoeker het na Hom gekom en gesê: As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word. Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan. (**Matt.4:3-4**). Ons word ook daagliks getoets t.o.v. ons identiteit, maar dit is belangrik om te weet wat God omtrent ons sê. Die woord wat deur die mond van God uitgaan is openbaring. Sy woorde is woorde van ewige lewe. (**Joh.6:68**). Ons kan net lewe van die gesproke Woord van God. Die vyand het Jesus versoek om Sy identiteit te bewys deur 'n wonderwerk te doen, maar Jesus het in die woorde van Sy Vader geglo. Ons het nie nodig om onsself te bewys nie, maar om uit te leef wat God spreek. ***Vader, dankie vir U woorde van ewige lewe.***

Deurbraak : Bid sonder ophou

Die ekonomiese krisis wat op die oomblik heers in Europa weerhou nie gebedsleiers wêreldwyd om vir herlewing op die kontinent te bid nie. Dit is 'n feit dat die afwaartse neiging in stabiliteit daartoe bygedra het dat intersessie opgevlam het. Sommige gebedsleiers het opgemerk dat Europa by 'n punt van verandering gekom het. "Daar is bestemmings wat gevorm word op die oomblik en dit is ook nou die tyd dat ons oë moet hê wat die tekens van die tye kan waarneem," volgens Pete Greig, een van die leiers van 24-7 beweging in Europa. Volgens 'n verslag van *Christian Post* plaas Pete Greig en nog 'n leier, Andy Freeman, daagliks videos op *YouTube* waar hul Christene bemoedig - om elke nuwe uitdaging te oorkom en ook gebruik te maak van geleenthede. (E-pos: editor@breakingchristiannews.com, 15/06/09). ***Bid dat gebedsleiers in ander lande bemoedig sal word deur die getuienisse van die gebedsleiers in Europa en dat hulle ook by God sal hoor hoe om 'n verskil te maak in hul eie lande. Bid dat Pete Greig en ander leiers wat betrokke is in die 24-7 bediening deur die Heilige Gees gelei sal word om waarlike instrumente te wees wat herlewing sal bring op die hele kontinent.***

Bid vir jou gemeenskap : 90 Dae van Seëninge

Bid die seën: Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees (**2 Kor.13:13**). **Sê wat jy glo:** Ek glo en bely dat God alle mense deur Jesus Christus wil seën met genade, barmhartigheid en vergifnis. (**Joh.20-29-31**). (E-pos: cape@transformationafrica.com, 05/06/2009). **Bid te voet:** ***Bid vir almal wat in die diens van jou stad of dorp is, bv. Munisipale beamptes, bankamptenare en bus- en taxibestuurders, bid vir hulle redding en dat die genade van die Here Jesus met hulle sal wees.***

Suid-Afrika : Verwerpte babas

Die aantal verwerpte kinders, van pasgebore tot ses-jariges het met die jare toegeneem, met 135 wat tussen April 2006 en Maart 2007 weggegooi was, 256 in 2007/08 en 336 wat vir dood agtergelaat was in vullisdromme, oop veld en skoolterreine in 2008/09. Die feit dat 'n aantal van die kinders op skoolterreine gevind was lei tot die gevolgtrekking dat sommige van die ma's nog op skool was en dat hulle of te arm of te skaam was om die gemeenskap te laat weet wat hulle hulself op die hals gehaal het. Meeste babas word naby huise of gemeenskappe gelos, wat 'n aanduiding is dat die ouers daarop hoop dat die kind op een of ander manier na omgesien sal word, maar dat hulle dit nie self kan doen nie. Versorgingsentrums is amper vol en sukkel om by te bly met die vinnige toename in verwaarloosde babas. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=13&art_id=vn20090619051705310C380711, 19/06/09). ***Bid vir hierdie situasie in Suid-Afrika. Bid dat vroue eerder aanneming sal oorweeg as om die baba weg te gooi.***

Internasionaal : Hof verban 'Christen' op identiteitskaart

Die Egiptiese hof het vir die tweede keer geweier dat 'n nuwe bekeerling die status van sy geloof op sy identiteitskaart verander. Die regter het die aansoek van Maher Ahmed Al-Mo'tasem Bellah Al-Gohari geweier toe hy sy godsdiens van Moslem na Christen wou verander. Die geloof van die draer van 'n Egiptiese identiteitskaart word daarop aangedui. Al-Gohari en sy dogter Dina, 'n twaafljarige, skuil en leef in konstante vrees dat radikale Islamiete hom sal doodmaak vir geloofsversaking. (Webruimte: http://www.bosnewslife.com/7894-egypt-court-bans-christian-on-ex-muslims-id-card, 17/06/09). ***Bid dat bekeerlinge na Christendom in Egipte nie langer die slagoffers sal wees van die Egiptiese regering se bevrediging van die radikale Islamiete se vereistes nie.***

Hierdie gebedskalender is 'n insiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com